



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

21 JANUARIE 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

			21 Januarie	28 Januarie		
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	4	Ds. Visagie	5
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	6	Ds. Kotze	7
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Graad 1's + Kleuters	Ds. Kotze	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	12	Ds. Visagie	13

OGGENDDIENS

EN

GESINSDIENS

Watter plek is hierdie?

(Genesis 28:10-22)

JEUGDIENS

Begin by die begin . . . by God.
(Lukas 10:38-42)

GEEN KLEUTER EN PEUTERKERK VANOGGEND.

Almal skakel by die blokdiens om 09:00 in die grootsaal in.

DEUROFFER

Edelweiss

STELLENBERG INDABA

Stellenberg Indaba op Saterdag 27 Januarie vanaf 08:30 tot 12:30 in die kleinsaal. Prof. Malan Nel verbonde aan die UP sal die gesprek inlei.

Ons nooi alle lidmate om te kom saam dink en gesels oor waar ons as gemeente tans is en waarheen ons op pad is. Laat weet asb. voor 24 Januarie by karin@stellenberg.co.za / 021 976 4519 indien jy die Indaba gaan bywoon, of skryf vanoggend by die inligtingstafel in. Gratis.

INLIGTINGSTOONBANK - NUWE LIDMATE

Hartlik welkom by Stellenberg-gemeente. Besoek vanoggend na afloop van die erdiens die inligtingstafels met enige navrae oor kategese of inskakeling. Jy kan ook 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za stuur om by die gemeente aan te meld of besoek www.stellenberg.co.za

HALFWEEK VAN GEBED

11 tot 14 Februarie om 19:00 in die Kleinsaal. Dié geleentheid word deur dr. Francois Carr gelei. Dr. Carr is 'n bekende en dinamiese spreker. Moenie die geleentheid misloop nie.

KATEGESSE REGISTRASIE - VANDAG

Almal registreer vir kategeese – al was jy voorheen by die kategeese ingeskakel, sodoende kan ons kontakbesonderhede opdateer. Daar is vir drie Sondae geleentheid om te registreer – 21 en 28 Jan. asook 4 Feb.

Voorskool tot graad 7: 10:00 in die grootsaal. Hulle verdeel op 28 Januarie in kleingroepe. R120 per kind.

Graad 8 tot 11: 21 Januarie om 19:00 in die kerk, na afloop van die jeugdiens wat om 18:00 begin. R120 per kind. Navrae: sunet@stellenberg.co.za

JEUGDAGBOEK

- **GRAAD 6-EN-7-KAMP.** Ons kampeer 2 tot 4 Februarie by Simonsig kampterrein. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.
- **KLEINGROEPE** vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- **ALIVE** vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, kapel.

VAKANTE LERAARSPOS

Ds. Fay van Eeden het weens skielike veranderinge in persoonlike omstandighede nie die beroep na Stellenberg aanvaar nie. Die preadvies komitee het voorgestel dat lidmate weer geleentheid moet ontvang om nuwe kandidate te nomineer. Stuur nominasies voor **Vrydag 26 Januarie** na stellenberg@stellenberg.co.za. Ons vra ernstige voorbidding vir die proses.

VATVYF VRUGTEFEES 24 JAN OM 10:00

Kom geniet 'n heerlike oggend as afskop vir die jaar en kuier saam en geniet lekker vars waatlemoen, druiwe en vele meer. Bespreek teen Maandag 22 Januarie om 12:00 by Karin 021 976 4519 of karin@stellenberg.co.za. Bywoning is gratis. Plek: Markplein

SENIOR KATEGESSE LOKALE

Graad 8: Grootaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

KWEEK VIR DIE HERE VERKOPING

Op 28 Januarie bied die Kweek vir die Here-span weer plantjies te koop aan. Gee 'n donasie in ruil vir 'n waterslimplantjie. Donasies word ten bate van jeuguitreike aangewend.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

FOKUSPROGRAM 2018

Ons is opgewonde om gedurende Lydenstyd vanaf 11 Feb tot 26 Mrt vir lidmate 'n spesiale fokusprogram aan te bied.

Tema: 'n Vrygewige lewe. Hoe skakel jy in:

- Woon sewe eredienste by.
- Woon vir ses weke studiegeleentheid in kleingroepe by, of ons spesiale grootgroepbyeenkomste wat gedurende die ses weke op Donderdagaande aangebied sal word, of werk die studiemateriaal op jou eie deur.
- Bring weer 'n rooi kruis teen jou voordeur of sigbare plek in jou huis aan. Daar sal nuwe kruise beskikbaar wees indien jy nie een het nie.
- Sondag 25 Feb - Tydens die groot Lydensweek vier ons Jesus se intog in Jerusalem met 'n groot gesamentlike diens in die kerk.
- Teen **Sondag 4 Februarie** sal alle material en kruise beskikbaar wees.

TEETUIN EN KAFETERIA

Kafeteria: Sondag oggende na die erediens in die marklein.

Koffie, tee, cappuccino's, latté's en eetgoed is te koop en daar is heelwat sit- en kuierplek.

Teetuin: Sondag oggende net na die erediens oorkant die hoofingang van die kerk. Tee en koffie kan gratis daar geniet word.

BYBELSTUDIEGROEP VIR HUISWERKERS

Huiswerkers Bybelstudie begin weer op 23 Januarie vanaf 18:30 tot 19:45 en kom elke tweede week in die kafeteria bymekaar. Nuwe lede is baie welkom. Navrae: milda@stellenberg.co.za

KLANK IN DIE KERK

'n Evaluasie van ons klanksisteem het enkele probleemareas uitgewys. Ons onderneem om so spoedig moontlik daaraan aandag te gee. Intussen kan u swak klank by 'n eredienster of die klankman aanmeld.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 25 Januarie.

PREDIKANTE BEPLANNING

Gemeente leraars sal op 23 en 24 Januarie by beplanning vir 2018 betrokke wees.

KANTOORURE VIR FINANSIËLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00
en ander weksdae 09:00
tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 5 Feb. om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

EREDIENSTE IN STELLENBERG

Elke Sondag gedurende skoolkwartale:

09:00 Oggenddiens, kerk - met 'n informele aanbiddingstyl.

Die Coram Deo-musiekgroep lei die samesang.

09:00 Gesinsdiens, kleinsaal - Die erediens is gemik op gesinne met laerskool en voorskoolse kinders. Die samesang is informeel en kinderliedere word ook gesing.

09:00 Meditatiewe diens, kapel - Die diens fokus op stilte, gebed en oordenking.

09:00 Blokdienste, grootsaal - word sporadies vir spesifieke groepe lidmate soos wyke of ouers en kinders van sekere graadgroepe aangebied.

18:00 Jeugdiens, kerk - gemik op tieners en jong volwassenes. Die Plofstof-*band* behartig die samesang.

19:00 Kruisdiens, kapel - met 'n intieme aanslag en preke vind in gesprekstyl plaas.

Ouers met jong kinders kan van die volgende fassiliteite gebruik maak:

- Moederskamer in die kerk vir babas.
- Bo-vertrek by die kleinsaal vir ouers met kleuters.
- TV-kamer agter die preekstoel vir ouers met kleuters.
- Peuter en Kleuterkerk om 09:00 in die grootsaal.

VAKATURE STELLENBERG-GEMEENTE

Bestuurder Administrasie: Die persoon sal verantwoordelik wees vir die bestuur van personeel en administratiewe prosesse binne die kerkkantoor en gemeente. Bewese bestuurservaring is 'n vereiste. CV's en navrae na Marguerite Bester, stellenberg@stellenberg.co.za Sluitingsdatum 29 Januarie.

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer.

Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 'n vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

SENTRUM VIR PUBLIEKE

GETUIENIS bied aan:

GEBEDSWEEK

Maandag 22 Jan tot Woensdag 24 Jan in die NG Kerk Oostersee, Frieslandstraat 63 Oostersee, Parow.

Dit is slegs vir 'n halfuur van 18.30 tot 19:00.

Die geleentheid sal deur Dr. Braam Hanekom gelei word.